**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**NO. R. 160** **09 FEBRUARIE 2016**

**REGULASIE VIR DOELEINDES VAN ARTIKEL 70(4) VAN DIE WET OP BELASTINGADMINISTRASIE, 2011 (WET NO. 28 VAN 2011), GEPROMULGEER KRAGTENS ARTIKEL 257 VAN DIE WET, WAT DIE STAATSORGANE OF INSTELLINGS LYS WAARAAN 'N SENIOR SAID-AMPTENAAR REGTENS AANGEWESE INLIGTING KAN OPENBAAR**

By die toepassing van artikel 70(4) en kragtens artikel 257 van die Wet op Belastingadministrasie, 2011, skryf ek, Pravin Jamnadas Gordhan, die Minister van Finansies, hierby in die Bylae hierby, voor aan watter staatsorgane of instellings 'n senior SAID-amptenaar regtens die inligting bedoel in artikel 70(4) van die Wet kan openbaar.

Hierdie regulasie vervang, met ingang van die datum van publikasie daarvan, Regulasies No. 93 en 94 gepubliseer in *Staatskoerant* No. 37308, gedateer 14 Februarie 2014.

**P J GORDHAN**

**MINISTER VAN FINANSIES**

This gazette is also available free online at **www.gpwonline.co.za**

# Bylae

**Lys van staatsorgane of entiteite:**

1. ’n Munisipaliteit ingevolge artikel 12 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Strukture, 1998 (Wet No. 117 van 1998), ingestel.
2. Kommissie vir Maatskappye en Intellektuele Eiendom ingevolge artikel 185 van die Maatskappywet, 2008 (Wet No. 71 van 2008), tot stand gebring.
3. Departement van Binnelandse Sake.
4. Agentskap vir die Administrasie van Staatspensioene soos ingestel deur Proklamasie No. 10 van 26 Maart 2010, gepubliseer ingevolge artikel 7A(4) van die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie No. 103 van 1994).